Ps. 119: 1, 4
Ps. 89: 2.
Ges. 31: 1, 2, 3.

Gaan dit Werklik Goed?

2 Kon. 4: 8 – 37

Bld SS. | Aink. 25. 8. 63

2 Kon. 4: 26 – Loop haar nou tog tegemoet en sê vir haar: Gaan dit goed met u? Gaan dit goed met u man? Gaan dit goed met u kind?

Watter pragtige beeld het ons hier van sekere Kar. Karakters wat hul gesin se lewe en optrede versier: 'n godvrugtige moeder (hoe anders sou sy kon merk dat Elisa 'n heilige man v God is? – vs 9), 'n hardwerkende vader (vs. 18), en 'n ~~[illegible]~~ hulpvaardige kind (vs. 18). Vir baie jare was daar die pynlike gemis aan 'n eie kindjie, toe die teitelaar vreugde in die geboorte van 'n kind – 'n seun! – en toe skielik: die smart & pyn v.d. dood. En as die vrou nog ver aankom kaat Elisa al vra: Gaan dit goed met u? Gaan dit goed met u man? Gaan dit goed met u kind? Hoor die opregte belangstelling, die pers. besorgdheid wat opklink uit die vrae ... vrae wat God deur sulke manne soos Elisa al die eeu deur aan alle ouers & kinders vra: Gaan dit goed?

As God self die vr. aan elkeen van ons sou vra, wat sou ons antwoord? Wat antw. die vrou as Elisa haar dit vra? Vir Gehasi, sy dienskneg, sê sy: Dit gaan goed, mr. as sy by Elisa kom val sy op haar knieë en gryp sy voete vas en dan stort sy al die bitterheid en die droefheid v. haar ~~hart~~ siel voor hom uit. Hoe baie kan maak ons ook so: vir bure, kennisse of vriende sê ons: dit gaan goed mr. vir God – as ons wil eerlik wees – het ons 'n ander verhaal: want Hy sien alles en wil alles hoor!

Ons antwoord op die vraag of dit goed gaan hang so baie af van ons maatstaf van wat ons as goed beskou. As ons die materiële dinge as maatstaf neem (en is dit nie d. lineaal wat ons die moderheid v ons Westerlinge uit met nie?) dan gaan dit goed – baie goed. Ons en ons kinders het

het nog nooit so baie geld, genot & geleenthede gehad as vandag nie: ons ~~het~~ geniet die uitwaande gemeenskapslewe v.d. (20) En ons ag dit van soveel waarde dat as ons vandag die uitdrukking gebruik of hoor, "met daardie man gaan dit goed" – dan bedoel ons net een ding: hy verdien lekker geld, hy word ryk!

Ja, ons sakke is voller as ooit vantevore – en ons siel? Ons het genoeg geld – mr het ons geluk? Ons het voorspoed – maar het ons vrede? Materiële welvaart is oral – maar morele welsyn? (a) Ek wil nie voorgee dat ek in enige mate instaat is om 'n volledige antwoord te gee nie mr. ek noem u 'n paar dinge a.d. ander kant om u te help om saam met my die volle antwoord te vind (a) Oorvloedige genietinge – mr. het ons d. ewige lewe?)

(1) Die verwarring en onsekerheid by duisende ouers oor wat die hoofdoel v.d. lewe is wat hulle moet nastreef en aan hulle kinders moet voorhou. By baie is dit geld, by baie posisie; by baie geleerdheid, by baie plesier – maar by hoeveel kom die dinge v.d. Koninkryk v. God eerste? Is dit 'n wonder dat daar soveel betreurende & wyduiteenlopende morele ~~[illegible]~~ maatstawwe is onder ouers wat hulleself Christene noem oor sulke essensiële dinge soos d. heiligheid v.d. huwelik, die ~~hoe sake~~ onthouding skande van hulle seuns & dogters, ~~wat Christ. opvoeding is~~, die bepaling & uitlewing van Christ. deugde soos eerlikheid, reinheid, arbeidsaamheid?

(2) Talle en talle ouers wat lidmate v.d. Kerk is, het geen sekerheid oor hulle pers. verhouding tot Christus nie en dis nie baie v. hulle ook nie van genoeg waarde of belang om dit aan hulle kinders te gee nie. Hulle handhaaf nog uiterlik 'n mate van tradisie-godsdiens: hulle kinders moet nog S.S.-toe (al gaan hulle selde of ooit self Kerk-toe), hulle ondersteun d. Kerk nog met gawes, mr innerlik het hulle hul lankal losgemaak v.d. lewe in God (Katkisasieklas: geloofsekerheid 6-30, Nagmaal 8-40) Sê dit nie in gees v. veroordeling of kritiek – eerder tot verootmoediging v.d. Kerk – mr. stel dit net as feit.

(3) Talle ouers is so besig met geldmaak, kulturele of sosiale ~~verpligtinge~~ bedrywighede, ontspanningsgeneietinge dat hulle nie tyd of lus het om kinders die ewige dinge te leer en self daarin voor te gaan nie.

(4) So kan ons voortgaan. Is dit dan 'n wonder dat in sulke gemeenskappe eerbied vir ouers afneem en jeugmisdaad toeneem, soberheid vervang word deur jeugdrinkers, sedel. kuisheid by baie jongmense bespot word as outyds en vrye liefde en seksuele omgang voor die huwelik as iets normaals gesien en beoefen word? Is dit 'n wonder dat daar waar ouers hulle kinders alles gee wat hulle vra begin die gesonde deugde van hardwerkendheid, eerlikheid en offervaardigheid ~~en~~ ~~[illegible]~~ verwaarloos en vermy word?

Ons dank God vir die talle gesinne waar dit anders toegaan, maar ons sal vals en oneerlik wees as ~~ons~~ God ons vandag moet vra: Hoe gaan dit met jou kind? en ons sou antwoord: dit gaan goed met die geestelike lewe van ons kinders!

Wat moet ons nou doen? Toe die moeder van die seun in die moeilikheid & benardheid was wat het sy gemaak? Sy het nie gerus of gaan staan voordat sy die esel opgesaal het en vir haar dienaar gesê het: „Jaag aan en gaan voort; hou my nie op in die ry nie ...“ totdat sy by die man van God uitgekom het by Karmel. En toe hy haar met Gehasi wou wegstuur het sy uitgeroep met 'n beslistheid wat geen teëspraak geduld het nie: „So waar as die Here leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie!“ Wat beteken dit anders as dat sy haar eers wend tot God vir die lewe van haar kind!

En as u my nou sou vra wat dit vir ons tyd en ons situasie beteken dan wil ek dit so stel:

(1) Ons moet 'n nuwe inhoud aan ons kinders se lewe gee: Ons moet hulle help om ons en so al God in hulle lewens te vind as 'n werklikheid, om ons d. Kon. v. God te soek en sy geregtigheid. Dit beteken dat ons meer die ou waarheid v.d. noodsaaklikheid v bekering uit d. stof moet gaan uithaal en ons jongmense & kinders leer: As jy nie ...
— Nuwe mense nodig — voor nuwe metodes

(2) Ons moet 'n nuwe doel aan ons kinders se lewe gee: I.d. lig van die Evangelie, van Christus se woord en kerk moet ons ons kinders weer gaan leer wat die vernaamste gebod is: Liefde tot God & tot naaste; die regte waardebepaling van geest- en morele waardes, die mindere waarde v bv. sport en partytjies kontant teenoor werk en diens & karakter
→ Baie ouers gewetig, nr. onkundig

(3) Ons moet ~~'n~~ nuwe voorbeeld aan ons kinders se lewe gee: Ons huwelik — is dit die vorm ons kinders ~~aanbeveling~~ ontspanningsmiddel is dit nie hulle eg? nie d. Bybel lees? Ons ~~aanbeveling~~ Ons bioskoopfilms Ons leesstof — is dit die beste? Ons gebed — sien en — is hulle die moeite werd? Ons gebed — hoor ons kinders ons nog bid? Hoor hulle ons nog praat van Christus, van sy boodskap en gees en lewe? ~~Daar~~ Is die toekoms van ons kinders vir ons soveel werd dat ons $\frac{1}{10}$. $\frac{1}{20}$ v.d. tyd, geld, moeite wat ons aan ander dinge opoffer sal gee vir hulle sieleheil? die hoogste welvaart van ons kinders.

Oor geslagte en geslagte heen kom vanaggend die stem v.d. man v God wat vra: Gaan dit goed met u? Met u man? Met u kind?

Amen